ECHO OF HIS CALL

EGGO VAN DIE ROEPSTEM VAN JESUS CHRISTUS

India's National Spiritual Newspaper — AFRIKAANS ₹ *10/-*

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

Redakteur: **S. SAM SELVA RAJ** — **- In 16 Tale** — ***Mederedakteur:*** **Sr. Marietjie Nelson**

Vol. XIII **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, MARCH 2020** **No. 12**

DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 138:1-8

1. Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing.
2. Ek wil na u heilige tempel toe buig en u Naam roem om u liefde en trou, want U het u Naam en u woord bo alles gestel.
3. Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee.
4. Al die konings van die aarde sal U loof, Here, wanneer hulle u woord hoor,
5. hulle sal sing oor wat die Here gedoen het, want die mag van die Here is groot.
6. Ja, al is die Here hoog verhewe, Hy gee om vir die nederige, maar Hy sien van ver af deur die hoogmoedige.
7. As die nood my oorval, hou U my in die lewe teen die woede van my vyande in: U strek u hand uit, u regterhand red my.
8. Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie.

Die krag van die Here se Teenwoordigheid!

- Pr. David Wilkerson

Hierdie boodskap gaan heeltemal oor die almagtige krag van God se teenwoordigheid – en hoe ons aan daardie krag kan vashou! Die Skrif gee eindelose voorbeelde van hoe die teenwoordigheid van God sy kinders bemagtig om vir Hom te leef. Een van die sterkste voorbeelde kry ons in die lewe van Moses.

Moses was oortuig dat dit nutteloos sou wees vir hom om enigiets aan te pak sonder God se teenwoordigheid in sy lewe. Toe hy van aangesig tot aangesig met die Here gepraat het, het hy gesê, "As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie" (Eksodus 33:15). Wat hy eintlik gesê het, was "Here, as u teenwoordigheid nie met my is nie, dan gaan ek nêrens heen nie. Ek sal nie 'n enkele tree neem, tensy ek verseker is dat U met my is nie!"

Moses het geweet dat dit God se teenwoordigheid in Israel was wat die volk anders gemaak het as al die ander nasies. Ek glo dieselfde is vandag waar van die kerk van Jesus Christus. Die enigste ding wat ons anders maak as nie-gelowiges is dat God "met ons" is – dat Hy ons lei, voorlig, en sy wil in en deur ons laat werk.

Moses het nie omgegee hoe ander nasies hulle leiding gekry het, of hulle strategieë beplan het, hulle regerings bestuur het of hulle leërs afgerig het nie. Hy het gesê, "Ons werk net op een beginsel. Die enigste manier hoe ons gelei of regeer word, oorlog maak en oorleef in hierdie woeste land, is om die teenwoordigheid van God met ons te hê!"

"As die Here teenwoordig is tussen ons, kan niemand ons kwaad aandoen nie. Maar sonder Hom is ons hulpeloos, tot niks in staat nie. Laat al die nasies van hierdie wêreld op hulle magtige leërs vertrou, op hulle strydwaens, hulle bedrewe soldate, hulle nuwe wapens. Ons sal op die geopenbaarde teenwoordigheid van ons God vertrou!"

Dit was God se antwoord op Moses se vasberade stelling: "My teenwoordigheid sal met julle gaan, en Ek sal julle vrede gee" (Eksodus 33:14). Wat 'n ongelooflike belofte! Die Hebreeuse woord hier vir "rus" is "'n gemaklike, stille rus." God was

... verv. op bls. 4

Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969

ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)



" ... en so sal jy voorspoed hê" (Job 22:21).

Liewe vriende in Jesus Christus,

Die beste groete in die wonderlike Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons hoop julle geniet ook die beskerming van die krag van God op alle gebiede van julle lewe, soos ons vir julle bid.

Deesdae hoor ons die begin van die uitstorting van die Heilige Gees op die mense van baie verskillende range en stande in verskeie lande van die wêreld. Ons hoor van baie van ons vriende en hoogwaardigheidsbeklëers wat ver van die geloof in die Here Jesus Christus geleef het wat tot kennis gekom het van sy redding en wat openlik verklaar dat Jesus Christus hulle Here en Verlosser is. Dit sluit mense in van die rolprentwêreld en van magspolitiek. Dus moet alle mense van God wat bid en met bediening besig is, ongeag hulle denominasionele verskille, hulle stemme verhef en die Here Jesus Christus dank dat onbereikte mense van die nasies bereik is ten spyte van ongunstige omstandighede.

Ons moet ook bid vir die mense in die media wat die moed het om die ware gebeure in die geestelike wêreld te publiseer. Die meeste van wat die Here doen onder mense word nie onder die aandag gebring van die gewone mense nie. Laat ons hierdie maand spesifiek bid vir die media-agente soos koerante, televisie, Internet, whatsApp, ens. sodat hulle na vore sal kom om die wonderwerke en ware gebeure in die geestelike wêreldbekend te maak. Wonderlike dinge gebeur elke dag in die lewens van mense deur die krag van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Ons is so dankbaar teenoor die Here Jesus Christus dat Hy die geroep hoor van die gebedstryders en die harde werk eer van God se mense om die evangelie in moeilike plekke te versprei.

In ons eie bedieningsveld hoor ons van 'n massiewe geestelike deurbraak onder die mense wat binne die bereik is van ons werkers.

Op 9 Januarie hierdie jaar, teen omtrent 12.30 vm. moes ons stop in 'n restourant op die hoofweg om 'n kort breek te maak in ons sendingreis na die suidelike dele van Indië, op 'n plek genaamd Tirunelveli. Op 'n onbeplande manier het 'n man en sy vrou voor ons by 'n tafel gaan sit en die tafel met ons gedeel. Aangesien ons baie moeg was van die lang reis, het ons op ons koppies koffie gekonsentreer, en dit geniet. Die hoof van die gesin het ernstig na ons gekyk en ewe skielik vir ons drukkies gegee en die volgende interessante stelling gemaak:

"Liewe broer Sam, herken jy my nog? Ek is ds. Ramadhas wat 'n nederinge student was van julle Nehemia Bybelkollege van 1992-1994 in Tsjennai. Jy het die kollege geadministreer en die studente onderrig met die ywer vir Christus. Ek was toe werksaam by 'n baie bekende dagblad, 'Dhina Thanthi'. Eendag toe jy die uitnemendheid van die werk van die Here Jesus Christus verduidelik het, het jy vir ons vertel hoe jy geroep is deur die Here Jesus Christus vir voltydse dienswerk terwyl jy 'n betalende werk gehad het in die staatsdiens en jy het vertel hoe die Here Jesus Christus jou gebruik in sy bediening en hoe suksesvol jou lewe was. Die Here het my hart aangeraak en wou my ook inbring in die bedrywige onderneming van sy

CHIEF EDITORS
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.

ADVISORY BOARD
Adv. Jose Abraham
Adv. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Aud. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Rajeswaran Samuel, B.Com.

PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98412 71858, 95661 31858
E-mail : sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
Websites :
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

voltydse bediening. Dus het ek my studies voltooi en die graad gekry en ingespring in die dienswerk van Jesus Christus nadat ek dapper my werk by die wêreldse koerantmaatskappy laat vaar het. Nou het die Here my geseën en laat vorder tot 'n Senior Pastoor. Hy het vir my in alles voorsien soos kerkgeboue, die bou van 'n huis, voertuie, ens. en aan al my behoeftes voldoen. Saam met my vrou en dogter dien ek nou die Here voltyds! Dank aan die Here vir die bediening van die Nehemia Bybelkollege!!

Tweedens, julle is bewus van ons basiese Bybelkorrespondensiekursusse onder die naam BYBELKOR. Ons gebruik 'n wonderlike kursusboek genaamd **New Life-For You!** in drie tale, naamlik Engels, Tamil en Hindi sedert 1980. Duisende mense vvan Indië en die buurlande word geseën deur hierdie kursus. Ons reik 'n sertifikaat uit aan suksesvolle kandidate. Duisende kandidate van uiteenlopende denominasionele verbintenisse en ouderdomme het hierdie kursus deurloop. Ons publiseer hier onder 'n brief wat ons ontvang het van een van ons studente genaamd suster Annapurna van Andhra Pradesj in Suid-Indië. Ons plaas dit onveranderd.

Liewe Broer in Christus,

Groete in die naam van die Here Jesus Christus. Ek is M. Annapurna. Ek het die BYBELKOR "NEW LIFE FOR YOU" ontvang. Ek is baie bly dat ek hierdie Bybelkursus ontvang het. Dit was baie nuttig en die woorde en sinne in hierdie boek is maklik en eenvoudig om te verstaan en die woorde van die Bybel te leer.

Ek is baie gelukkig terwyl ek besig is om hierdie kursus te doen. Ek het nou begin verstaan hoe 'n ware Christen haar behoort te gedra. Ek het hierdie waarhede in my gedagtes gehou om elke keer te volg. Ek het hierdie kursus met baie groot plesier voltooi. Ek stuur die antwoordbladsye saam met hierdie brief. Ek voel baie geseënd in die deurwerk van hierdie Bybelkursus. Baie dankie dat u vir my hierdie kursus gestuur het.

Ek het julle briewe ontvang met 'n "Beloftekaart" en 'n "Bybelleesplan" (2020). Ek is baie bly om dit te ontvang. Baie dankie vir hierdie literatuur.

Vanaf Nuwejaarsdag, wil ek vir julle elke maand 200/- Roepees stuur. Gebruik dit asseblief vir julle bediening in julle Kerk. Ek stuur Rs.200/- per geldwissel. Haal dit asseblief af.

Dankie vir julle Kersfees- en Nuwejaarswense vir my en my gesin. Dankie vir julle gebede. Ek wens julle en julle gesin 'n geseënde Kersfees en Nuwejaar toe. Mag God julle, julle gesin en julle bediening oorvloediglik seën in alle opsigte.

Geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar weer eens. Bid asseblief vir my huwelik met 'n goeie lewensmaat.

Ons sal ook bid vir julle en julle bediening. Met liefde en dank, - M. ANNAPURNA

Derdens wil ons graag aan julle voorstel 'n bejaarde geleerde genaamd Br. Mohandas Basel van die staat Kerala, wat ook deel is van Suid-Indië, wat die Teologiese Korrespondensiekursus van die Nehemia Bybelkollege bestudeer het. Ons publiseer hier die brief wat ons onlangs van hom gekry het: Photo

Ek het aangesluit by die Teologiese Bybelkorrespondensiekursus van die Nehemia Bybelkollege wat deel is van die bediening van ECHO OF HIS CALL in Tsjennai. Dit was regtig soos 'n vonk in my hart. Deur die studie van hierdie kursus, het ek my voorgeneem om die Bybel meer en meer te bestudeer. Dus het ek al 7 boeke begin bestudeer, een vir een. Ek het natuurlik besef dat kennis nie 'n nuwe lewe is nie. Deur die sesde kursusboek het ek soveel nuwe openbarings en Bybelkennis gekry. Dit het my die regte pad geleer en my nuwe lewe gegee. Hierdie kursus het my veral goeie leiding gegee in die kennis van teologie, meer as tevore.

Die laaste (sewende) boek oor die Kerk het my baie kennis bygebring oor interpretasie en preek. Dus prys ek my Here in die hoogste en dank Hom vir die Teologiese kursus van Nehemia Bybelkollege en die dienswerk van ECHO OF HIS CALL. Hierdie kursus het vir my die Woord van God op die regte manier geleer en my die regte pad in my lewe aangedui.

Veral die Direkteur van hierdie bediening, Pastoor S. Sam Selva Raj, het my baie gehelp en bemoedig, en my gewys wie is die ware leier in 'n Kerk deur sy leefstyl toe ek die bediening kom besoek het in Desember 2019. Gedurende hierdie tyd het my droom waar geword en my siel het gejuig en Halleluja geroep tot die Lam van God. Pastoor Sam het my toegelaat om aan te sluit by allerlei soorte van aanbidding, leierskap en my aangemoedig deur sy liefde en konsiderasie. Hy doen wonderlike diens om die koninkryk uit te brei. Hoe kan ek ooit sy wonderlike verbintenisse vir die Here en sy getroue uitvoer van sy dienste uitdruk. My besoek het my meer en meer krag en wysheid gegee. Hierdie ECHO OF HIS CALL bediening en Pastoor S. Sam Selva Raj is die beste voorbeeldevan die uitbreiding van die Here se koninkryk.

Ek wens Pastoor S. Sam Selva Raj en sy span al die beste toe en bid tot die Here vir allerlei seëninge op hulle en hulle dienswerk, insluitende die Hoërskool, Bybelkolleges, ens.

Met baie liefde en gebede.

Mohandas Basel. P.

Die Here God het ons gehelp om op 'n uitstappie te gaan met al die lede van ons Moedergemeente na 'n plek met die naam Padappai en daar die Loofhuttefees te hou op 25 Januarie 2020.

Dankie, geliefdes dat julle hierdie lang

redaksionele kolom gelees het. God seën ons en gebruik ons op 'n manier wat ons nie kan uitdruk in woorde nie. Bid asseblief vir al ons Medewerkers, Mederedakteurs, Gebedsgenote, Lewensgenote, Geloofsvriende, Mense wat intekenare is, Groot Opdragvennote, pastore, sendelinge, personeellede van ons skool, personeel van ons Bybelkolleges, Kantoorpersoneel, Drukpers se familielede ens. wat saam met ons deel het aan die aktiwiteite van **Echo of His Call** in hierdie 51ste jaar van ons bediening.

Ons het 1 Mei 2020 opsy gesit as 'n dag van Gebed spesiaal vir die bedienings van **Echo of His Call** en hulle medewerkers dwarsoor die wêreld. Ons sal 'n spesiale byeenkoms hê op daardie dag by ons Moederkerk in Indië vanaf 10 vm. tot 5 nm. en ons vra al ons medewerkers en vriende oor die wêreld om die dag te hou as 'n Dag van Gebed vir die bedienings van **Echo of His Call** en ander soortgelyke dienswerk. Ons sal die Gebedslys aan die vriende, organisasies en kerke stuur wat dit nodig het.

Mag God julle seën.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,
S. SAM SELVA RAJ.

verv. van bls. 1

eintlik besig om te sê, "Ongeag watter vyande of beproewinge julle trotseer, in My sal julle altyd rus en vrede kan vind!"

Dink daaraan: As 'n kerk die duidelike teenwoordigheid van God in hulle midde het, sal daar geen onrustigheid wees nie. Die eredienste sal nie meer gehaas wees met drie liedere, 'n offergawe en 'n kort preek nie. In plaas daarvan sal daar 'n kalm vrede wees, 'n stil rus – en elkeen wat by die deure inkom, sal dit aanvoel!

Natuurlik beteken dit nie dat 'n kerk nie ook luide lofsange of uitgelate aanbidding kan ondervind nie. Inteendeel, ek glo sulke dinge is dikwels die gevolg van mense wat rus in die gemoed het. 'n Kerkgemeenskap wat God se teenwoordigheid in hulle midde het, sal leef, beweeg en aanbid met 'n stille vertroue in die Here te alle tye.

Dieselfde geld vir elke individuele Christen. As jy Jesus se teenwoordigheid in jou lewe het, sal jy die Here se goddelike orde ondervind. Jy sal vrede en kalmte ondervind, met geen stres of vreesagtigheid nie, nie heen en weer storm om leiding te soek nie, geen gevoel hê dat jy uitrafel nie. Jy sal rustig leef in die wete dat God alles onder beheer het!

Kyk bietjie na hierdie Ou-Testamentiese voorbeelde van die seën wat God se teenwoordigheid in die lewe van sy volgelinge gebring het:

God se teenwoordigheid was so duidelik sigbaar in **Abraham** se lewe, selfs die heidene rondom hom het die verskil raakgesien tussen hulle lewens en syne: "…Abimeleg ... het met Abraham gepraat en gesê, "God is by jou in alles wat jy aanpak" (Genesis 21:22). Hierdie heidense koning het eintlik bedoel, "Abraham, daar is iets anders omtrent jou. God lei jou, bewaar jou en seën jou waar jy ook al gaan!"

• God het aan **Josua** beloof dat geen vyand voor hom sou kon standhou wanneer God se teenwoordigheid met hom was nie: "Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees: Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.Wees sterk, wees vasberade …" (Josua 1:5-6). Wanneer God se Gees by ons teenwoordig is, kan ons sterk en vasberade wees – want geen vyand kan ons leed aandoen nie!

• God het aan **Gideon** gesê, "...Die Here is by jou, dapper man! Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete!" (Rigters 6:12,14). Die frase "die krag wat jy het" in hierdie vers verwys na die vorige vers – "Die Here is by jou." Sien julle wat God sê? "Gideon, daar is 'n krag in jou wat so magtig is dat dit Israel kan red. En daardie krag is my teenwoordigheid!" Die Skrif wys vir ons dat Gideon 'n bang man was – hoekom het God hom dan 'n "dapper man" genoem? Dit was omdat hy vir Gideon wou wys wat enige mens kan doen wanneer die Here se teenwoordigheid met hom is!

• God het **Jeremia** gewaarsku dat die hele volk teen hom sou draai en sy profesieë sou verwerp. Tog het God belowe, "...hulle sal teen jou veg, maar hulle sal jou nie oorweldig nie, want Ek is by jou, sê die Here, Ek sal jou help en jou red…" (Jeremia 15:20). Wat God gesê het was, "Dit maak nie saak as die hele land teen jou draai nie, Jeremia. Al wat saak maak, is dat my teenwoordigheid met jou is. Wees vol vertroue, Ek is met jou!"

• God het vir **Jesaja** vertel van 'n spesiale belofte wat Hy maak teenoor die mense wat Hy liefhet: "Moenie bang wees nie." Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie. want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder…Moenie bang wees nie, Ek is by jou…" (Jesaja 43:1-5).

God sê dus, "Terwyl my teenwoordigheid by jou bly, kan jy deur enige vloed of vuuur gaan en oorleef. Maar jy sal nie net oorleef nie. Deur dit alles sal jy geseën en begunstig word, want my teenwoordigheid is met jou!"

Hierdie Ou-Testamentiese verhale is nie sommer net storietjies nie. Hule is bedoel om ons te bemoedig en aan te spoor om God se teenwoordigheid in ons lewens te soek. Ons kan God dank vir wat sy teenwoordigheid gedoen het vir Abraham, Josua, Gideon, Jeremia en almal in Israel. Tog het elkeen van ons 'n sterk getuienis van wat God se teenwoordigheid vir ons gedoen het – in leiding vir ons lewens, die oopmaak van deure, die

... verv. op bls. 6

GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), ONDERSTEUN (Romeine 12:13) & TE BESPOEDIG (2 Timoteus 1:6)

GEBEDSPUNTE

Vanaf 19 Maart 2020 tot 18 April 2020

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

GOD IS AAN DIE WERK!

SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

Maart 19: Ons Here het ons Sportdagfunksie in ons **St. Paul's Matriculation School** geseën op die 28ste Januarie.

Maart 20: Ons Here het ons Jaarlikse Dagfunksie in ons **St. Paul's Matriculation School** geseën op die 1ste Februarie.

Maart 21: God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

Maart 22: God het die bediening van ons 100 Gebedstryders vir Wêreldherlewing geseën.

Maart 23: Laat ons God prys vir al ons Koördineerders in die state.

Maart 24: God seën ons vrouebediening in ons Moederkerk.

Maart 25: Laat ons God loof vir ons BYBELKOR se Korrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursusse.

Maart 26: God het die reise van ons senior pastoor S. Sam Selva Raj en sy span geseën.

Maart 27: God het ons **Nehemia Bybelkolleges** geseën met bekwame dosente.

Maart 28: God het ons geseën met bekwame kantoorpersoneel.

Maart 29: God het meer gebedstryders gegee in ons Moederkerk.

Maart 30: Laat ons God loof vir ons ondersteuners vir hulle gebede en ondersteuning.

Maart 31: die Here het ons wykskerke en gelowiges geseën.

April 01: God het al die aktiwiteite van ons **Echo of His Call Bedieninge** in die laaste maand geseën.

April 02: Baie mense het bygekom in ons Moederkerk en wykskerke.

April 03: Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

SAKE OM GOD VOOR TE BID

April 04: dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die **Echo of His Call Bedieninge.**

April 05: Laat ons bid vir al die studente wat gaan aanmeld vir die staatseksamen.

April 06: Laat ons bid vir ons Special Fasting Prayer wat op 1 Mei 2020 gehou sal word.

April 07: Bid heelhartiglik vir 'n deeglike vernietiging van die Corona Virus in Sjina en alle lande wat geraak word.

April 08: Laat ons bid vir die Gradeplegtigheidsdiens van ons **Nehemia Bybelkollege** wat op 13 Junie 2020 gehou sal word.

April 09: Mag God meer toegewyde studente gee vir ons **Nehemia Bybelkolleges** vir die jaar 2020-2021.

April 10: Laat ons bid vir ons Goeie Vrydag- en Paasdienste in ons Moederkerk en wykskerke.

April 11: Laat ons bid vir al die skoolkinders. Mag die Here die beskerming gee wat hule nodig het.

April 12: Bid vir die sewe dienste wat elke Sondag in die Moederkerk van **Echo of His Call** gehou word.

April 13: Bid vir die redding van gevangenes oor die hele wêreld.

April 14: Bid vir die redding van mense wat in die omgewing van **Echo of His Call** se Hoofkantoor woon.

April 15: Laat ons bid vir ons Urdu Mederedakteur Br. Suraj Kumar Chandani vir goeie gesondheid en vir sy gesinslede.

April 16: Bid vir groter sekuriteit op die grense en veiliger regering van alle lande.

April 17: Bid vir ons Indiese leiers, die President, die Eerste Minister, Goewerneurs, hoofministers en al die regeringsamptenare.

April 18: Laat ons bid vir vrede oor die hele wêreld.

verv. van bls.4

verwydering van hindernisse, die vermurwing van harte en om ons vreesloos te maak.

Ek het die bewys van hierdie waarheid in my eie lewe gesien. Julle sê dalk, "Jy spog sommer net!" Nee – dis 'n feit dat God se teenwoordigheid by my was ten spyte van myself!

Toe ons ons Kerk tien jaar gelede begin het, het die teenwoordigheid van Christus uitgestraal uit alles wat ons gedoen het. Ek onthou dat ek by die kantoor ingestap het van 'n beroemde produksieleier op Broadway op soek na 'n teater om te gebruik as 'n kerk. Hierdie man se sekretarisse en personeel het die spot gedryf met my; hulle woorde en houdings het my verseker dat ek as 'n eenvoudige predikant nie 'n afspraak sou kon kry nie. Om die waarheid te sê, ek het gedink ek kan dalk uitgeskop word. Maar toe kom die produksieleier uit sy kantoor—en toe hy my sien, toe nooi hy my in!

Gedurende die daaropvolgende paar weke het die produksieleier en ek mekaar leer ken. By tye sou hy oor sy lessenaar na my kyk en sê, "Ek weet nie hoekom ek so baie tyd met jou spandeer nie. My dagboek is absoluut vol." Maar wanneer ek ook al in sy kantoorkompleks ingekom het, het sy sekretaresse my verby al die ander besoekers gestoot en gesê, Gaan meteens in, Dominee – hy wag vir jou!"

Uiteindelik het hierdie man sy vlagskipteater aan ons verkoop om as 'n Kerk te gebruik. Selfs terwyl hy besig was om die verkoopsdokumente te teken, het hy gesê, "Ek weet nie hoekom ek dit doen nie!" Dit was net God se teenwoordigheid wat hom beweeg het om daardie gebou aan ons te verkoop.

Ek het ook gesien hoe God die harte van ander mense verander het. Die man wat die gebou langs ons besit het, het geweier om dit aan ons te verkoop as 'n anneks. Maar met verloop van tyd het hy 'n vriend van my geword, en uiteindelik het hy die gebou aan ons verkoop. Deurentyd het hy aangehou om vir my te sê, "Iemand daar bo werk vir jou!"

Dit is die krag van van God se teenwoordigheid. En elke Christen kan net so getuig: "God se teenwoordigheid by my het groot dinge gedoen!"

Daar is 'n voorwaarde verbonde daaraan om die Teenwoordigheid van God te verkry en te behou in ons Lewens.

God stel 'n voorwaarde vir sy teenwoordigheid in ons lewens. Hierdie voorwaarde kry ons in 2 Kronieke 15. In die vorige hoofstuk het koning Asa die leërs van Juda gelei tot 'n groot oorwinning oor Ethiopië se leër van een miljoen man. Maar Asa het getuig dat dit God se teenwoordigheid was wat dié vyand verstrooi het:

Asa het die Here sy God aangeroep en gesê: "Here, net U kan die swakke teen 'n oormag help. Help ons, Here ons God! Ons steun op U, en in u Naam trek ons teen dié menigte op. U is ons God, Here; moenie dat 'n méns teen U seëvier nie". Die Here het die Kussiete die onderspit laat delf teen Asa …" (2 Kronieke 14:11-12).

Terwyl Asa en sy leërs die triomfantelike prosessie teruglei na Jerusalem, het 'n profeet genaamd Asarja hulle by die stadspoort ontmoet met 'n boodskap van God: "Luister na my, Asa: As julle by die Here is, sal Hy by julle wees; as julle na Hom vra, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat. Israel was lank sonder die ware God…Toe Israel hom in sy nood tot die Here sy God bekeer het en na Hom gevra het, het die Here Hom deur hulle laat vind" (2 Kronieke 15:2-4).

Hier is die geheim van die verkryging en behoud van die teenwoordigheid van God in jou lewe. Die Here het Asa reguit herinner, sonder om doekies om te draai: "Asa, moet nooit vergeet hoe jy hierdie oorwinning behaal het nie. Jy het My met jou hele hart gesoek, geheel na My toe gedraai toe jy in die moeilikheid was – en Ek het my teenwoordigheid na jou gestuur. Dit was my teenwoordigheid wat jou vyande op die vlug laat slaan het!"

Nou sê Asarja vir Asa, "Onthou jy hoe die koninkryk was voordat jy aan bewind gekom het? Alles was deurmekaar, daar was geen wet, geen leiding, geen godvresende onderrig nie. Elkeen was sy eie wet en het gedoen wat hy wou!"

Dit is 'n goeie prentjie van baie 'Christenhuise' vandag. Alles is deurmekaar, met geen gesag, vrede of rus nie. Elkeen maak soos hy lus het. Baie sulke gesinne het 'n tragiese, disfunksionele gemors geword.

Maar dit hoef nie so te wees

Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

Ons bankbesonderhede:

ABSA BANK : Echo of His Call Missions
BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908
TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbina Smith
Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554
e-pos: miemie60@telkomsa.net
Address :
SIS. ELBINA SMITH
DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,
JEFFREYS BAY 6330, SOUTH AFRICA.

Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer

nie. Geen Christenhuis hoef disfunksioneel te bly nie. God se beloftes is onveranderlik, en sy Woord beloof, "Vir die res van jou lewe – solank jy aanhou om My te soek – sal Ek by jou wees. Wanneer jy uitroep na My, sal Ek my altyd deur jou laat vind!"

Dit is nie 'n ingewikkelde teologie nie. Eenvoudig gestel, as sowel die man as sy vrou – of selfs net een van die twee – die Here soek, is dit nie nodig dat hulle huis in die moeilikheid moet wees of "wanordelik" nie. Enigeen kan die voortdurende teenwoordigheid van die Here ondervind, as hy of sy Hom gewoon wil soek daarvoor.

"…as julle na Hom vra, sal Hy Hom deur julle laat vind…" (2 Kronieke 15:2). Die Hebreeuse woord vir "vind" hier is "matsa" wat beteken, "Sy teenwoordigheid wat verskyn om te bemagtig, om te seën." Kortliks, sê hierdie vers vir ons, "soek die Here met jou hele hart, en Hy sal na jou toe kom met sy teenwoordigheid. Sy teenwoordigheid sal inderdaad 'n almagtige krag wees wat uit jou lewe straal!"

Volgens die Skrifte, is ons grootste plig om aan te hou om God te soek, om sy Teenwoordigheid by ons te verseker.

God maak sy verbond van genade met elke gelowige. Hierdie verbond is beliggaam in beloftes soos, "God het al ons ongeregtigheid op Christus laat neerkom." "Jesus het 'n vloek vir ons geword." "Hy sal ons nooit verlaat of in die steek laat nie."

Tog maak God ook sekere spesiale beloftes aan dié wat vasbeslote is om Hom met hulle hele hart te soek. Een so 'n belofte is 'n verbond van God se teenwoordigheid. Maar, aan hierdie verbond is daar 'n streng voorwaarde. Die Skrif maak dit duidelik dat as ons hou by die reël van hierdie verbond, ons die ongelooflike seën van God se teenwoordigheid in ons lewe sal geniet. En dit het nie net te make met kwessies van redding nie. Dit spreek daarvan dat mense sulke soekers na God kan wees dat sy ontsagwekkende teenwoordigheid op ons uitgestort word en dit deur almal gesien en geken kan word!

God het sy verbond van sy teenwoordigheid openbaar deur 'n profeet wie se naam nie genoem word nie, wat 'n boodskap aan Eli, die hoëpriester van Israel gebring het. Op daardie tyd het Eli baie versleg. Die Here het al met hom gepraat en hom gewaarsku daarteen om plek te laat vir sonde en kompromieë. Maar Eli het al God se woorde geïgnoreer. En nou het hierdie profeet wie se naam nie genoem word nie, vir Eli gesê, " ...die Here God van Israel sê. Ek het nadruklik gesê: Jou huis en jou nageslag sal My altyd in die tempel dien. Maar nou sê Ek, die Here: Dit sal nie gebeur nie, want die een wat My eer, sal Ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag" (1 Samuel 2:30).

Die woord "minag" het te doen met God wat sy teenwoordigheid onttrek. Dit beteken nie dat 'n persoon verdoem is nie, maar eerder dat hy sal moet leef in die krag van sy eie persoon. God het vir Eli gesê, "Ek het bedoel om jou huis te seën, om jou my guns te bewys. Maar jy het my geminag, jy het toegeeflik geword teenoor sonde en toegelaat dat jou luste my eenkant toe skuif. Nou onttrek ek my teenwoordigheid aan jou!"

Baie mense kom na Christus met 'n aanvanklike groot geloof. Maar met tyd verflou hulle ywer en begin hulle die Here verwaarloos. Hulle neem sy bevele nie meer so ernstig op nie en draai terug na hulle ou sondige weë. Maar hulle glo nog dat God se teenwoordigheid met hulle is. Nee – dit is 'n leuen, 'n wanopvatting! Die Bybel maak dit duidelik: As jy Hom versaak, sal Hy jou versaak!

God se beloftes faal nooit. Maar sommige – soos die verbond van hierdie teenwoordigheid – is absoluut voorwaardelik. Hulle vereis meer as net ons blote medewerking. Natuurlik sal God ons nooit verlaat of ophou om ons lief te hê nie. Maar as ons in sonde volhard, sal sy teenwoordigheid nie met ons wees nie – en ons lewens sal nie meer 'n instrument van sy magtige teenwoordigheid wees nie. Ons sal volgens die sondige natuur leef – probeer en ploeter, met geen krag of leiding nie!

Slegs wanneer God se Teenwoordigheid by ons is, kan ons sy heerlikheid aanskou, sien en verstaan.

Toe Israel in die woestyn was, het God sy teenwoordigheid aan hulle vertoon deur 'n wolk. Hierdie wolk was 'n fisiese teken van God se belofte om by sy mense te wees. Dit het afgekom en die tabernakel nag en dag oordek. En dit het as hulle gids opgetree vir elke onderneming. As die wolk beweeg het, het hulle beweeg en as dit stilgestaan het, het hulle stilgestaan. Dit was nie vir die mense nodig om komiteevergaderings te hou om hulle rigting of toekoms uit te pluis nie. Hulle het hulle vertroue in daardie sigbare wolk van God se teenwoordigheid geplaas.

Vandag nog hang daardie selfde wolk van sy teenwoordigheid oor jou private binnekamer waar jy bid. Dit wag elke dag om jou toe te vou in sy vrede. Dit sal jou lei, bemagtig en jou vrede gee. En dit sal jou in besonderhede leiding gee vir jou huis, werk en verhoudings.

Jou geheime binnekamer kan enige plek wees – in die stort, op die bus op pad na jou werk, terwyl jy reis na jou werk. Jy kan alle ander dinge uitsluit en sê, "Here, ek het nou 'n halfuur. Ek het U lief, Jesus, en aanbid U. Dit is my stiltetyd saam met U!"

Dis 'n wonderlike ding om saam met God ingesluit te word, en 'n volgehou gebedslewe te ontwikkel. God belowe dat soos jy 'n soekende, biddende dienaar word, sal sy teenwoordigheid uitbreek in jou lewe -- en deure oop en toe maak, en sy goddelike orde rondom jou bewerk. Tog sal iets nog groters as dit gebeur: God se teenwoordigheid sal jou lei tot in 'n openbaring van sy heerlikheid!

Daar is 'n verskil tussen God se teenwoordigheid en sy heerlikheid.

Die meeste Christene ken sy teenwoordigheid – sy groot werke in hulle lewens – maar min ken sy heerlikheid. In Eksodus kry ons 'n kykie op hierdie verskil: "'n Wolk het die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul" (Eksodus 40:34).

Die Apostel Paulus skryf dat alle gelowiges se liggame die tabernakel van God is: "Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?" (1 Korintiërs 3:16). Soos die Israeliete wat onder die wolk van God's se teenwoordigheid geleef het, is ons voortdurend onder die bedekking van God se genade. Maar wat is die verskil tussen die waarneem van God se teenwoordigheid en die waarneem van sy heerlikheid?

Die Here het aan Moses 'n Openbaring van sy heerlikheid gegee.

Moses het God gesoek vir 'n ononderbroke openbaring van sy teenwoordigheid: "...dat ek U mag ken..." (Eksodus 33:13-14). En God het hom geantwoord, "My teenwoordigheid sal met julle gaan, en Ek sal julle vrede gee".

Moses se versoek sou heeltemal voldoende gewees vir die meeste gelowiges. Ons wil almal die teenwoordigheid van God hê – dat Hy ons moet lei, rigting gee, bemagtig, seën. Wat meer as dit kan enige gelowige begeer? Maar die versekering van God se teenwoordigheid was nie genoeg vir Moses nie. Hy het geweet daar is nog meer. En hy het uitgeroep,... "Laat ek tog net u magtige verskyning sien!" (Eksodus 33:18).

God het wel aan Moses sy heerlikheid gewys. Maar dit het nie verskyn in 'n verligte wolk of in 'n aardskuddende demonstrasie van krag nie. Nee, God het sy heerlikheid in 'n eenvoudige openbaring van sy aard uitgedruk: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde…." (Eksodus 34:6-7). God se heerlikheid was 'n openbaring van sy goedheid, genade liefde en barmhartigheid!

Ek het al baie Christene hoor sê, "Hoe het die heerlikheid van God afgekom in ons kerk gisteraand! Daar was soveel ongelooflike lof, en mense is deur die Gees aangeraak." Maar dit is nie 'n bewys van die openbaring van God se heerlikheid nie. Dit het niks te make met God nie, behalwe menslike emosies. Dit sluit nie 'n openbaring in van wie Hy is nie!

Party mense mag dalk redeneer, "Maar wat van die dissipels se ondervinding op die Berg van Verheerliking? Was dit nie 'n openbaring van God se heerlikheid nie? Daar was 'n verblindende lig en die wonderbaarlike verskyning van Moses en Elia."

Maar God se heerlikheid was nie in Moses of Elia of in die skouspelagtige lig nie. Nee, sy heerlikheid was eerder in Jesus: " …sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig … 'n stem uit die wolk het gesê: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom" (Matteus 17:2-5).

Wat God eintlik hiermee gesê het is, "Hier is my heerlikheid in persoon--Christus!" Inderdaad was Jesus die vervulling van alles wat God vir Moses gesê het Hy is – barmhartig, genadig, geduldig, oorvloedig in goedheid en waarheid wat sy genade vir duisende bewaar, die ongeregtigheid en die sonde van oortredings vergewe. En nou sê die Here, "Hier is 'n lewende beeld van my heerlikheid. Dit word alles beliggaam in my Seun!"

Ek het al sommige Christene hoor sê, "As die Here my net 'n visioen wou gee van die verskrikkinge van die hel, sal ek Hom nooit versaak nie. Dan sou ek elke dag vir Jesus lewe!" Nee -- daardie soort visioen het nog nooit iemand bewaar nie. Slegs 'n visioen van wie Jesus is – van sy heerlikheid, genade en barmhartigheid – dit sal ons heilig hou. Daarna, sweer hy, sal hy sy lewe aan Christus wy. Maar binne enkele weke het die visioen weggesterf, en het hy teruggekeer na sy sondige weë.

God wil ons oë open vir "...watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het" (Efesiërs 1:18). Hy sê, "Al die heerlikheid wat aan Moses openbaar het, is beliggaam in my Seun. En nou het Ek Hom aan julle gegee as julle erfenis. Julle het die reg om Hom te ken in al sy heerlikheid!" "In Hom is die volle wese van God beliggaam" (Kolossense 2:9).

Hoekom het Moses so desperaat na 'n gesig van God se heerlikheid gesoek? Ek glo die rede word in die volgende vers gevind: "Dáár sal Ek die Israeliete ontmoet en daar sal hulle geheilig word deur my magtige teenwoordigheid" (Eksodus 29:43). Die woord "geheilig" beteken hier "skoongemaak word". Met ander woorde, God het gesê: "Moses, wanneer jy en die volk my aanbid, sal Ek julle ontmoet en julle my teenwoordigheid gee. En wanneer Ek my heerlikheid aan julle openbaar, sal dit julle reinig!"

Dit is een van die kragtigste verse in die hele Skrif. Dit bied hoop aan elkeen wat stry met 'n boesemsonde en smag om vry en rein te wees. God belowe, "Julle tempel sal gereinig word deur 'n openbaring van my heerlikheid. En daardie openbaring is nou en hier tot julle beskikking – in my Seun, Jesus Christus!"

Waar kan ons hierdie openbaring van Christus vind? Ons kan dit net vind deur na die Skrif te gaan! Paulus sê as ons God Se Woord toelaat om aan ons 'n steeds toenemende openbaring van Jesus te gee, sal ons verander word van heerlikheid tot heerlikheid: "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is" (2 Korintiërs 3:18).

Hierdie openbaring van God se heerlikheid sal 'n behoudende krag

... verv. op bls. 10

PUT TOT PALEIS

(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)

" -wie dit lees, moet dit goed begryp- " Matteus 24:15.

"...EK IS HULPELOOS EN ARM, MAAR DIE HERE DINK AAN MY" (PSALM 40:17)

Omtrent veertig jaar gelede is 'n groot opwekkingsdiens in Tsjennai gehou. Sommige groot predikers het van Suid-Afrika af gekom. God het groot wonders deur hulle verrig. 'n Groot aantal mense het die wonders gesien en vir die eerste keer in hulle lewens die evangelie van Jesus Christus gehoor. Ek het hulle as 'n vrywilliger gehelp.

Nadat die finale byeenkoms verby was, was daar 'n klein vergadering van gaste en werkers wat gehelp het met die reël van die byeenkomste. Skielik het die Eregas uit Suid-Afrika my geroep en uitgevra oor my. Hy het waardering gehad vir die opregte en harde werk wat ek gedoen het in die opsit van spandoeke, die ontvang van nuwe vriende en om hulp te gee aan die deelnemers gedurende die opwekkingsdienste.

Hy het my verder gevra waar ek vandaan kom en my versoek om hom te ontmoet by die lughawe die volgende dag om 4.00 nm. wanneer dit tyd was vir sy vertrek vanaf Indië. Ek het hom geantwoord dat dit te vroeg was vir my, want ek het het een baie ou fiets gehad wat ook nie in 'n goeie toestand was om van my huis af na die lughawe te ry nie aangesien die afstand vanaf my huis meer as 25 kilometer was.

Dadelik het hy rondgekyk en 'n groot evangelis uit hierdie stad gevind en hy het hom by sy naam geroep en vir hom gesê, "Dis Broer Sam Selva Raj. Ek het gesien hoe hy 'n baie goeie werk vrywilliglik gedoen het en ek sien iets besonders in hom. Ek wil graag 'n tydje saam met hom deurbring by die lughawe voordat ek Indië verlaat. Aangesien hy baie arm is en nie behoorlike vervoer het om van sy huis af na die lughawe te reis vroeg in die môre nie, sal ek bly wees as julle hom kon saambring in julle motor aangesien julle ook na die lughawe kom om my af te sien. Maar hierdie evangelisbroer het kwaad geword vir my en aan die Eregas gesê, "Ek het nie plek in my kar om hierdie man te vervoer nie. Hy moenie na die lughawekom nie". Die Eregas het hom gevra, "Het jy enige ander mense by jou wat na die lughawe kom?" Hy het geantwoord, "Niemand kom saam met my nie, maar ek kan nie hierdie arm man help nie".

Die dienaar van God wat die Eregas was, was regtig geskok om hierdie woorde te hoor... Hy het my geroep en sy hande op my kop gelê en met trane tot God gebid, en Hom gevra om my ook materiële seëninge te gee. Verder het hy vir my gesê, "My broer Sam, ek weet dat jy 'n baie nederige dinaar is van die Grootste God wat ek vandag dien. Ek spreek 'n seën van voorspoed uit op jou en jou bediening. Die God wat ek dien, sal nou die vensters van die hemel oopmaak en jou seën met soveel motors, busse en alle ander infrastruktuur vir jou bediening in Indië. Jy moenie die broer haat wat jou nie wou saamneem na die lughawe wanneer hy môre vroeg na die lughawe reis nie.

Hierdie ondervinding het vir my geen pyn veroorsaak nie. Maar ek was dankbaar reenoor God vir sy woorde van seën deur sy dienaar. Dae het verbygegaan. Maar God was getrou om my in sy gedagtes te hou. Later het God my geseën met voertuie en ook met die nodige toerusting vir sy dienswerk. Hy het my en my medewerkers in staat gestel om verskeie kere na dieselfde lughawe te reis met ons eie voertuie. Wat 'n wonderlike God het ons nie!! Dieselfde God leef nog steeds. Hy is dieselfde gister, vandag en vir ewig!

My liewe leser, is jy ongemaklik omdat ander nie die salwing op jou herken nie? Word jy ontmoedig as jy kyk na jou huidige lae stand? Word jy geminag deur jou eie mense? God sê, "LAAT JULLE HART NIE ONTSTELD WORD NIE ...: EK KOM WEER NA JULLE TOE." Johannes 14:1,18. Leef 'n lewe wat in die sentrum van sy wil staan. Mag God jou seën!

****

Statement about ownership and other particulars about the Newspaper Echo of His Call (Afrikaans) - Form IV
(See Rule 8)

1. Place of Publication : 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005.
2. Periodicity : Monthly
3. Printer, Editor, Owner & Publisher : **S. Sam Selva Raj** (Same Address)
4. Nationality : Indian

I, **S. Sam Selva Raj,** hereby declare that the particulars given above are true to the best of my knowledge and belief.

March 2020 **S. Sam Selva Raj.**

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/19-21

ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

Jaarlikse intekengeld: Rs. 100/-

Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

Echo of His Call is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET,
CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 95661 31858
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org /
www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

verv. van bls. 8

wees in ons lewens: "...Sy magtige teenwoor- digheid sal alles beskut" (Jesaja 4:5). Met ander woorde, God se heerlikheid sal ons rein hou in ons moeilikste uur. Satan mag vir ons lieg, "Julle is verslaan! Julle is bedrieërs, leuenaars, owerspeliges." Maar ons kan antwoord, "Nee, duiwel. Ek het 'n hoëpriester – en ek is gereinig deur 'n visie van sy heerlikheid!"

Toe God aan Moses al hierdie dinge oor sy aard geopenbaar het, het Hy ook aan hom die volle openbaring gegee "...Ek spreek niemand sonder meer vry nie…" (Eksodus 34:7). Asarja het teenoor koning Asa geprofeteer in die tyd toe dit baie voorspoedig met hom gegaan het, "as julle julle God se heerlikheid verag – as julle julle sondes oorsien en die Here verwaarloos – sal Hy julle nie reinig nie!" "Luister na my, Asa: As julle by die Here is, sal Hy by julle wees; as julle na Hom vra, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat" (2 Kronieke 15:2).

Wat God hier vir ons sê, is so eenvoudig: "Neem tyd om my Seun te leer ken! Ondersoek my Woord en soek My in jou binnekamer waar jy bid. Dan, as jy in my teenwoordigheid vertoef, sal jou oë begin oopgaan vir my heerlikheid. Dit is alles in Christus geopenbaar. Hy is die volle openbaring van my liefde, genade, barmhartigheid en goedheid".

"As julle aanhou om na te dink oor hierdie openbaring, sal dit julle reinig en heilig – want julle sal meer en meer soos Jesus word. Wanneer julle sien hoe liefdevol en genadig Hy teenoor julle is, sal julle meer liefdevol en genadig word teenoor ander. En dit sal my heerlikheid wees wat in julle geopenbaar word!"

Geliefdes, hou op om na 'n teken te soek. Hou op om te verwag dat een of ander krag julle kerkgebou moet skud, of dat een of ander prediker hande op julle moet lê en al julle probleme oplos. Soek net die Here alleen! Sy Woord maak dit duidelik – julle sal óf sy voortdurende teenwoordigheid geniet, óf gering geag word: "Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou…" (2 Kronieke 16:9).

Soek Hom met jou hele hart en begeer sy teenwoordigheid in jou daaglikse lewe. Dan sal julle die ongelooflike heerlikheid van God ken en ondervind!

****

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/19-21
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 4th MARCH 2020
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957,
Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

JESUS HET JOU LIEF!

Aan

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**